SPEELGOED- EN SPORTAPPARAAT BELEID

Opvoeding van kinders moet holisties van aard wees. By L/s Louis Leipoldt word daar werklik gepoog om ruimte te gee vir holistiese onderrig en opvoeding. Die volgende reëls moet egter nagekom word:

* Speelgoed mag in ‘n naskoolsak, spesifiek vir gebruik by die naskoolsentrum, skooltoe gebring word. Daar mag egter nie gedurende lestyd daarmee gespeel word nie. Sou ‘n leerder nie gehoor gee aan die reël nie, word hy/sy gewaarsku. Sou dit ‘n tweede keer gebeur, word ‘n negatiewe aanmelding gemaak. Indien dit die derde keer gebeur, word die speelding by die leerder afgeneem en in die kluis bewaar tot die einde van die spesifieke week waarin dit gebeur het.
* Sportapparaat en balle moet in ‘n sportsak/sluitkassie gehou word tot dit benodig word. Dit kan gedurende pouse gebruik word, maar spelery daarmee word gestaak wanneer die pouseklok lui. Sou ‘n leerder nie ‘n sportsak/sluitkassie hê nie, moet hy/sy die apparaat saamdra. Daar mag egter glad nie tussen klaslokale, in klaslokale, tydens wisseling of gedurende lestyd met bogenoemde apparaat/bal gespeel word nie. Indien ‘n leerder nie gehoor gee aan die reël nie, word hy/sy gewaarsku. Sou dit ‘n tweede keer gebeur, word daar ‘n negatiewe aanmelding in die huiswerkboek gedoen. Sou dit ‘n derde keer gebeur word die apparaat/bal by

die leerder afgeneem en in die kluis bewaar tot die einde van die spesifieke week
waarin dit gebeur het.